higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR

NKR-VLAK 4

(3011014)

26 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon ALLE berekenings vir die toekenning van gedeeltelike punte.
5. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde in potlood sal nie nagesien word nie.
6. Gebruik die tabel hier onder as riglyn om te besluit hoeveel tyd om aan elke vraag te spandeer.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Kortvrae (ALLE onderwerpe geïntegreer)	40	36 minute
AFDELING B			
2	ALLE onderwerpe geïntegreer	40	36 minute
3	Onderwerp 3	35	30 minute
4	ALLE onderwerpe geïntegreer	40	36 minute
5	Onderwerp 5 en 2	45	42 minute
TOTAAL		**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n .... verskaf fondse aan 'n sake-eienaar teen 'n gespesifiseerde rentekoers.

A Lener
B Uitlener
C Rekenmeester
D Kassier

1.1.2 … is 'n belofte wat 'n sake-eienaar s sekuriteit aanbied vir terugbetaling van 'n lening, en wat in die geval van wanbetaling verbeur sal word.

A Versekering
B Kollateraal
C 'n Belegging
D 'n Deposito

1.1.3 Hierdie uitgawe is 'n voorbeeld van 'n vaste koste in 'n onderneming:

A Reklame
B Skryfbehoeftes
C Huur betaal
D Verbruiksitems

1.1.4 Die punt waarteen die totale inkomste van 'n onderneming gelyk is aan sy totale koste:

A Ekwiteitspunt
B Totale punt
C Draaipunt
D Gelykbreekpunt

1.1.5 Die koers van BTW in Suid-Afrika vir die 2018- finansiële tydperk is …

A 29%.
B 14%.
C 13%.
D 15%.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die werkloosheidsversekeringsfonds se bydrae tot die werknemers in Suid-Afrika is…

A 15%.
B 1%.
C 14%.
D 10%.

1.1.7 Belasting van sake-inkomste ... die wins van die onderneming.

A verminder
B vermeerder
C verander niks aan
D inkomste

1.1.8 Die inkomste van 'n alleeneienaar word belas teen dieselfde koers as 'n …

A privaat maatskappy.
B individuele persoon.
C beslote korporasie.
D openbare maatskappy.

1.1.9 Die BTW op 'n verkoopprys van (BTW uitgesluit), is … .

A R737
B R783
C R900
D R940

1.1.10 Hierdie beleggingsevalueringstegniek neem nie die tydwaarde van geld oor 'n tydperk in ag nie:

A Finansiële opbrengskoers
B Interne opbrengskoers
C Netto huidige waarde
D Terugbetalingstydperkmetode

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die ... staat toon die finansiële prestasie van 'n onderneming oor 'n spesifieke tydperk.

1.2.2 'n Korting is 'n belastingkrediet wat jy van jou normale belasting kan ... wanneer jy die belasting wat aan SAID betaal is, bereken.

1.2.3 Die ... verhouding is 'n aanwyser van 'n onderneming se vermoë om sy bedryfslaste uit al sy bedryfsbates te kan betaal.

1.2.4 'n Onderneming kan die dienste van 'n ... gebruik om regsbepalings en voorwaardes van 'n leningsooreenkoms te vertolk.

1.2.5 'n ...is 'n finansiële beraming wat jaarliks in 'n onderneming opgestel word vir beplanningsdoeleindes.

1.2.6 Die eienaar van 'n onderneming het fiksieboeke gekoop om in sy vrye tyd te lees. Dit is 'n ... uitgawe vir belastingdoeleindes.

1.2.7 'n ... is 'n belastingsertifikaat wat aan die einde van elke belastingjaar aan werknemers uitgereik word.

1.2.8 'n ... toon die bedrag wat 'n onderneming verwag om uit die verkoop van goedere vir 'n gespesifiseerde tydperk te ontvang.

1.2.9 Die verslag wat 'n lys van verskafferrekenings per tydperk aandui, staan bekend as ... .

1.2.10 'n Onderneming is likwied as sy ... binne 'n tydperk van 'n jaar maklik na kontant omgeskakel en sy bedryfslaste kan dek.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	'n Langtermynverpligting van die onderneming wat oor langer as 'n jaar betaalbaar is	A	inset-BTW
1.3.2	Die winkelrekening wat die onderneming gebruik om voorraad te koop	B	debiteure-ouderdomsontleding
1.3.3	BTW bygevoeg by die koopprys van goedere of dienste	C	verbandlening
1.3.4	BTW bygevoeg by die verkoopprys van goedere of dienste	D	uitset-BTW
1.3.5	'n Voorbeeld van 'n nulkoers-BTW-item	E	bedryfslaste
1.3.6	'n Voorbeeld van 'n BTW-vrygestelde item	F	skoolgelde
		G	eiers
		H	krediteure-ouderdomsontleding

(6 × 1) (6)

1.4 Ipeleng vervaardigers produseer denimmateriaal, wat gebruik word om jeans te maak. Hulle vervaardig die materiaal teen R250 per meter en verkoop dit teen R500 per meter.

MATERIAAL IN METER	VERANDERLIKE KOSTE	VASTE KOSTE	TOTALE KOSTE	TOTALE VERKOPE	WINST /(VERLIES)
20	**1.4.1**	R2 500		**1.4.2**	
30	R7 500	**1.4.3**	**1.4.4**	R15 000	
40	R10 000			R20 000	
50	R12 500			R25 000	**1.4.5**
60	R15 000				

Bereken die volgende:

1.4.1 Veranderlike koste van die vervaardiging van 20 meter materiaal. (2)

1.4.2 Totale verkope wanneer 20 meter materiaal verkoop word. (2)

1.4.3 Vaste koste van die vervaardiging van 30 meter materiaal. (1)

1.4.4 Totale koste van die produksie van 30 meter materiaal. (2)

1.4.5 Wins/verlies indien 50 meter materiaal verkoop word. Toon duidelik aan of dit 'n wins of verlies is. (3)

1.4.6 Die aantal meter materiaal wat verkoop moet word vir die onderneming om gelyk te breek. Toon die formule en berekenings. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die scenario en beantwoord die vrae.

Thoko Sibeko het aan Majuba TVET Kollege in Newcastle studeer. In November 2016 het sy 'n Nasionale Sertifikaat: Beroepsgerig in Gasvryheidstudies voltooi. Thoko het besluit om haar eie onderneming te begin, eerder as om 'n ander werk te soek. dy het beplan om versierings en spyseniering vir funksies en partytjies vir ondernemings en individue te doen. Sy het 'n moontlike vennootskap met haar klasmaat en vriend, Busi Nkosi, bespreek. Die twee vriende het 'n onderneming genaamd Butho Catering Services and Partners begin.

Hulle bied spysenieringsdienste aan individue en sakeondernemings. Busi het 'n afleweringsvoertuig, 'n industriële oond en 'n skootrekenaar by sy oorlede pa geërf. Thoko het R5 000 en haar vaardighede bygedra. Thoko se ouers het ook vir haar hulle vorige woonstel gegee, waaruit hulle die onderneming kon bedryf. Hulle kook, bak en doen versierings volgens die behoeftes van hulle kliënte. Hulle onderneming is nou oorstroom met bestellings, omdat mense baie gelukkig is met die kos en dienste wat hulle verskaf. Busi en Thoko oorweeg dit om nog twee mense aan te stel, omdat die bestellings te veel raak vir hulle om te hanteer.

2.1 Watter ondernemingsvorm (vorm van eienaarskap) is Butho Catering Services and Partners? Motiveer jou antwoord. (2)

2.2 Noem en verduidelik TWEE bronne van befondsing waar Butho Catering services and Partners fondse kan verkry om hulle te help om die onderneming uit te brei. (2 × 2) (4)

2.3 Noem TWEE dokumente wat deur die befondser vereis kan word wanneer hulle om befondsing aansoek doen. (2)

2.4 Noem TWEE items wat as kollateraal vir Butho Catering Services and Partners kan dien. (2)

2.5 Die onderneming oorweeg dit om vir 'n lening aansoek te doen sodat dit kan uitbrei. Vhembe Bank bied 'n lening aan van R300 000 teen 12% p.j. Rente is betaalbaar op die totale bedrag van die lening oor VYF jaar.

2.5.1 Bereken die totale maandelikse bedrag wat aan Vhembe Bank betaalbaar is oor 'n tydperk van 5 jaar. (4)

2.5.2 Die eienaars van Butho Catering Services and Partners beveilig nie die onderneming se fakture en kwitansies behoorlik nie.

Gee TWEE voordele van die toepaslike berging van brondokumente. (2 × 2) (4)

2.6 Noem DRIE statutêre betalings wat Butho Catering Services and Partners kan doen. (3)

Kopiereg voorbehou

2.7 Butho Catering Services and Partners is aangeraai om 'n sakeplan op te stel om hul sukses te help verseker.

Noem en beskryf kortliks DRIE komponente van 'n sakeplan. (3 × 2) (6)

2.8 Butho Catering Services and Partners gaan die volgende koste in hul onderneming aan. Noem telkens of die koste direk of indirek is. Skryf slegs die woorde 'Direk' of 'Indirek' langs die vraagnommers (2.8.1–2.8.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.8.1 Loon van skoonmaker

2.8.2 Meel vir bak

2.8.3 Promosiepamflette

2.8.4 Brandstof vir Busi se afleweringsvoertuig

2.8.5 Die onderneming se telefoonrekening

(5 × 1) (5)

2.9 Butho Catering Services and Partners groei en Thoko en Busi oorweeg dit om lojale klante toe te laat om op krediet te koop. Die beraamde totale verkope vir Januarie is R600 000.

20% of verkope is vir kontant. Kredietverkope word soos volg ingevorder:

- 60% na 30 dae en
- 40% na 60 dae

Bereken die maandelikse kontantvloei uit verkope vir die eerste kwartaal van die jaar. Skryf die antwoorde langs die vraagnommers (2.9.1-2.9.3) in die ANTWOORDBOEK neer. Toon ALLE berekenings langs elke antwoord.

	Januarie	Februarie	Maart
Kontantverkope	**2.9.1**		
Kredietverkope		**2.9.2**	**2.9.3**

(8)
[40]

VRAAG 3

3.1 Tinyiko Bakeries is besig met begrotingsbeheer vir 2018. Die eienaar monitor die werklike syfers teen die begrote syfers, soos in die tabel hier onder aangetoon word:

ITEM	BEGROOT	WERKLIK
Produkverkope	90 000	96 000
Restaurantverkope	120 000	138 000
Water en elektrisiteit	11 500	13 500
Reklame	6 200	6 000
Huuruitgawes	4 750	4 970
Brandstof	5 800	5 600
Lone	12 300	12 000
Minus bedryfsuitgawes	???	???

3.1.1 Bereken die afwyking in produkverkope. Noem duidelik of die afwyking gunstig of ongunstig is. (3)

3.1.2 Gee EEN moontlike rede vir die afwyking wat jy in VRAAG 3.1.1 bereken het. (1)

3.1.3 Bereken die afwyking vir water en elektrisiteit. (2)

3.1.4 Dui aan of die afwyking wat jy in VRAAG 3.1.3 bereken het gunstig of ongunstig is. Gee EEN moontlike rede vir jou antwoord. (3)

3.1.5 Tinyiko Bakeries het jou van die volgende inligting oor twee potensiële projekte voorsien:

	Verbonde uitgawes (R)	***Ander verwante uitgawes(R)***	***Finansiële voordele vir onderneming (R)***
Projek A	25 000	20 000	50 000
Projek B	18 000	25 000	70 000

Bereken die *Koste : Voordeelverhouding* vir:

(a) Projek A

(b) Projek B (6)

3.1.6 Lewer kommentaar op die koste : voordeelverhouding vir Projek B. (2)

3.1.7 Noem DRIE belangrike brokkies inligting wat 'n onderneming moet gebruik om goeie besluite te neem. (3)

Kopiereg voorbehou

3.2 Semaka Transporters het die interne opbrengskoers op 'n nuwe vragmotor as 12,6% bereken.

Indien die onderneming hierdie vragmotor gaan koop, sal dit die transaksie met 'n lening finansier. Die onderneming sal rente op die lening teen 13% per jaar betaal.

3.2.1 Moet Semaka Transporters die vragmotor koop? Antwoord slegs 'Ja' of 'Nee'. (1)

3.2.2 Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 3.2.1. (2)

3.2.3 Verduidelik kortliks die *terugbetalingsmetode.* (2)

3.3 Tuelo Couriers wil in 'n afleweringsvoertuig vir die onderneming belê, wat R135 000 kos. Die geprojekteerde lewensduur van die voertuig is 4 jaar. Die koste van kapitaal is 15%.

Die tabel hier onder toon die kontantinvloeie wat die afleweringsvoertuig sal genereer en die huidigewaarde-faktore van R1 en 'n annuïteit teen 15%.

Jaar	***Beraamde kontantinvloei***	***Huidigewaarde-faktor van R1 teen 15%***	***Huidigewaare-faktor van 'n Annuïteit teen 15%***
1	R45 000	0,8696	0,8696
2	R35 000	0,7561	1,6257
3	R20 000	0,6575	2,2832
4	R10 000	0,5718	2,8550

3.3.1 Bereken die netto huidige waarde (NHW) van die voertuig. Toon ALLE berekenings. (8)

3.3.2 Op grond van jou antwoord in VRAAG 3.3.1, behoort die onderneming die voertuig te koop? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[35]

VRAAG 4

4.1 Die volgende inligting is uit Stylish Services se rekords verkry:

BALANSSTAAT VAN STYLISH SERVICES SOOS OP 31 DESEMBER 2017 EN 2018

	2017	2018
BATES		
Niebedryfsbates	126 759	82 547
Bedryfsbates		
Voorraad	35 000	42 500
Handels- en ander debiteure	5 400	23 934
Kontant en kontantekwivalente	25 102	500
TOTALE BATES		
EKWITEIT EN LASTE		
Eienaarsbelang		
Niebedryfslaste		
Langtermynlenings	73 000	45 000
Bedryfslaste		
Handels- en ander krediteure	47 476	47 176
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		

4.1.1 Bereken die skuldverhouding vir 2017. Toon die formule en rond die finale antwoord na TWEE desimale plekke af. (6)

4.1.2 Bereken die bedryfsverhouding vir 2018. Toon die formule en rond die finale antwoord na TWEE desimale plekke af. (6)

4.1.3 Bereken die netto waarde van die onderneming vir 2017, en dan vir 2018. (4)

4.1.4 Gee EEN moontlike rede vir die verskil in die onderneming se netto waarde van 2017 tot 2018. (2)

4.1.5 Die langtermynlenings het in 2018 gedaal. Gee EEN moontlike rede vir die daling. (2)

4.2 Die volgende inligting is uit die inkomstestaat van Truro Music Market verkry:

	2017	2018
Omset/Verkope	124 200	108 000
Ander bedryfsinkomste	10 800	9 000
Bedryfsuitgawes	58 000	60 000
Rente betaal	28 850	20 700
Netto wins vir die jaar	48 150	36 300

4.2.1 Bereken die netto winspersentasie vir 2017. Toon die formule en rond af tot TWEE desimale plekke. (4)

4.2.2 Bereken die omset-prestasieverhouding vir 2018. Toon die formule en rond die antwoord na die naaste heelgetal af. (4)

4.2.3 Verduidelik kortliks die verskil tussen *bruto wins* en *netto wins.* (2)

4.3 Gee 'n kort uiteensetting van die doel van elk van die volgende begrotings:

4.3.1 Produksiebegroting

4.3.2 Arbeidsbegroting

4.3.3 Aankopebegroting (3 × 2) (6)

4.4 Noem VIER moontlike uitgawes wat 'n onderneming soos Butho Catering Services and Partners kan aangaan. (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Noem kortliks die verskil tussen 'n *primêre korting* en 'n *sekondêre korting*. (2 × 2) (4)

5.2 Noem TWEE metodes wat 'n individu of 'n onderneming kan gebruik om hul belastingopgawes by SAID in te dien. (4)

5.3 Bestudeer die 2017/2018p-belastingtabel hier onder en beantwoord die vrae.

Belasbare inkomste (R)	Belastingkoerse (R)
0–189 880	18% van belasbare inkomste
189 881–296 540	34 178 + 26% van belasbare inkomste bo 189 880
296 541–410 460	61 910 + 31% van belasbare inkomste bo 296 540
410 461–555 600	97 225 + 36% van belasbare inkomste bo 410 460
555 601–708 310	149 475 + 39% van belasbare inkomste bo 555 600
708 311–1 500 000	209 032 + 41% van belasbare inkomste bo 708 310
1 500 001 en meer	533 625 + 45% van belasbare inkomste bo 1 500 000

Belastingkorting	2018-belastingjaar
Primêr	R13 635
Sekondêr (65 en ouer)	R7 479
Tersiêr (75 en ouer)	R2 493

Belastingdrempels:

Persoon	2018-belastingjaar
Onder 65	R75 750
65 en ouer	R117 300
75 en ouer	R131 150

5.3.1 Seipati Sono besit 'n klein sakeonderneming in haar buurt. Sy is 48 jaar oud en het vir die jaar van aanslag belasbare inkomste van R545 000 gegenereer.

Bereken haar belasting betaalbaar vir die jaar. Rond jou finale antwoord af na TWEE desimale plekke. (6)

5.3.2 Lerato Dube is die eienaar van Dube Express, wat 'n eenmansaak (alleeneienaar) is. Sy is 66 jaar oud en verdien 'n maandelikse inkomste van R15 000 uit die onderneming.

Bereken die belasting wat deur Lerato betaalbaar is vir die jaar 2018. Rond jou finale antwoord af na TWEE desimale plekke. (7)

5.3.3 Sara Lieu is 'n tikster vir Shosholoza Printings en verdien R71 000 per jaar.

Is Sara aanspreeklik om inkomstebelasting te betaal? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

5.4 Noem TWEE ondernemingsvorme waar die eienaars beperkte aanspreeklikheid het. (2)

5.5 Noem TWEE gevolge vir 'n individu wat versuim om 'n belastingopgawe by SAID in te dien. (2)

5.6 Gadifele Moyo moet besluit watter EEN van twee masjiene (Masjien Q en Masjien R) sy moet koop. Elke masjien kos R250 000. Die kontantvloeistrome vir hierdie masjiene is soos volg:

JAAR	MASJIEN Q	MASJIEN R
1	R20 000	R10 000
2	R30 000	R20 000
3	R30 000	R30 000
4	R40 000	R40 000
5	R50 000	R40 000
6	R50 000	R50 000
7	R60 000	R50 000
8	R60 000	R60 000

Bereken hoe lank dit Gadifele sal neem om masjien Q terug te betaal. (8)

5.7 Gadifele Moyo bedryf 'n suksesvolle drukpers in Estcourt in KZN. Vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018, was haar verkope R150 000 (inklusief van BTW). Gadifele het ook 'n ou rekenaar vir R5100 verkoop, en het 'n wins van R2 000 op die transaksie gemaak. Die onderneming het ook R2 800 ontvang vir rente op lopende rekening en R18 000 vir eiendomsbelasting betaal. Alle ander bedrae sluit BTW uit, en BTW word bereken volgens die 2018-vasgestelde koerse.

Kopiereg voorbehou

5.7.1 Bereken die onderneming se verkope vir belastingdoeleindes. (4)

5.7.2 Watter bedrag ten opsigte van die verkoop van die ou rekenaar sal die onderneming se belasbare inkomste verhoog: die opbrengs van R5 100 of die wins op die verkoop van die rekenaar van R2 000? (1)

5.7.3 Verduidelik kortliks aan Gadifele watter uitgawes as kapitaalkortings geëis kan word en gee twee voorbeelde van sulke uitgawes. (4)

[45]

TOTAAL AFDELING B: 160

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou